OVK EMPOWERMENT (PTY) LTD.

19 Dan Pienaar Street • Ladybrand • Free State
PO Box 96 • Ladybrand • 9745
Tel 051 923 4512 • Fax 051 923 4513

REG. 2014/212849/07

NOTICE
ANNUAL GENERAL MEETING OF SHAREHOLDERS OF OVK EMPOWERMENT (PTY) LTD REGISTRATION NUMBER: 2014/212849/07 ("THE COMPANY")

A. NOTICE

Notice is hereby given to the Shareholders of the Company as at the record date, that the Annual General Meeting of the Shareholders of the Company will be held as follows:

DATE: 30 March 2021
TIME: 10h00
PLACE: OVK Boardroom, Ladybrand

B. PURPOSE OF THE ANNUAL GENERAL MEETING

The purpose of the Annual General Meeting is to consider the matters as referred to in the Agenda below.

C. AGENDA

1. Opening and Welcoming
2. Ratification of Time Frame of Annual General Meeting
3. Constitution of the meeting
4. Motions
5. Approval of Minutes:
   (a) Annual General Meeting of 25 October 2019 **(Annexure 1)**
   (b) Special Shareholders Meeting of 10 July 2020 **(Annexure 2)**
6. Matters arising from the Minutes
7. Directors' report
8. Dividend recommended by Board of Directors
9. **Ordinary Resolutions**
   9.1 Approval of Audited Financial Statements
   9.2 Appointment of Audit and Risk Committee
   9.3 Appointment of Auditors
10. **Special Resolutions**
    10.1 Confirmation of no remuneration of Directors for 2020/2021
11. General
12. Adjournment

D. WHO MAY ATTEND AND VOTE

RECORD DATE

In terms of the provisions of Clause 14.2.1 of the Memorandum of Incorporation of the Company, the record date for the meeting, being the date on which the Shareholders who are entitled to receive notice, participate in and vote at the Annual General Meeting, will be **15 March 2021.**

Direkteure / Directors: S Oberholzer (Voorsitter / Chairman), B Dawson, B Jack, S Nelson

Attending in person or by proxy

- A Shareholder may attend the General Meeting in person; or
- the Shareholder may appoint a Proxy to represent him/her at the Annual General Meeting by completing the attached form of proxy (attached hereto as **Annexure 2**) in accordance with the instructions contained therein and returning it to the Company at its registered address or to the Company Secretary, 48 (forty-eight) hours before the meeting is set to take place. A Proxy need not be a Shareholder of the Company but must be a natural person.

IDENTIFICATION

In terms of Section 63(1) of the Companies Act 71 of 2008, any person attending or participating in a meeting of Shareholders, must present satisfactory identification and the person presiding at the meeting, must be satisfied that the right of any person to participate in and vote (whether as a Shareholder or as Proxy for a Shareholder) has been verified.

E. MOTIONS

All suggestions and motions must be handed to the Company Secretary in written form no later than 10h00 on the 28th day of March 2021 at the Company's registered office, 19 Dan Pienaar Street, Ladybrand or faxed to 086 274 8740 or sent via e-mail to esthere@ovk.co.za for the attention of the Company Secretary. Motions and suggestions must be signed by the Proposer and the Seconder.

F. ELECTRONIC COMMUNICATION

Notice is hereby given that in terms of Clause 16 of the Memorandum of Incorporation of the Company, Shareholders may participate by way of electronic communication and will the necessary access to the Annual General Meeting be available by means of electronic communication, provided that such access shall be at the expense of the Shareholder or Proxy concerned, if demanded. Please note that such a request must be handed in, in writing 48 (forty-eight) hours before the commencement of the meeting, to the Company Secretary.

G. DIVIDEND RECOMMENDED BY BOARD OF DIRECTORS

The Board recommended that no dividends be approved and paid to the Shareholders in respect of the financial year ending 28 February 2020.

H. RESOLUTIONS

1. ORDINARY RESOLUTIONS

1.1 ORDINARY RESOLUTION 2: ELECTION OF DIRECTORS

Every nominee must satisfy the qualification and eligibility requirements as set out in the Memorandum of Incorporation of the Company and the Companies Act.

Oos Vrystaat Kaap Operations Limited (OVK Operations Limited) shall, as permitted in terms of the Memorandum of Incorporation, nominate 2 (two) Directors, who serve on the Board of OVK Holdings (Pty) Limited, to be appointed on the Board of the Company.

Direkteure / Directors: S Oberholzer (Voorsitter / Chairman), B Dawson, B Jack, S Nelson

1.2. ORDINARY RESOLUTION 3: APPOINTMENT OF AUDIT AND RISK COMMITTEE

Matla Energy (Pty) Ltd is an affiliate of Oos Vrystaat Kaap Operations Limited (OVK Operations Limited) which has an Audit and Risk committee in place. The Audit and Risk committee of OVK Operations Limited carries out the prescribed duties on behalf of the company. It is for this reason, and as intended in Section 94(2) of the Companies Act 71 of 2008, that it is decided not to elect an Audit and Risk committee and not to present an Audit and Risk committee report.

1.3. ORDINARY RESOLUTION 4: APPOINTMENT OF AUDITORS

As required in terms of the Companies Act the Company must annually, at the Company's Annual General Meeting, appoint the Auditors for the forthcoming financial year. The proposal made is that PricewaterhouseCooper be re-elected as auditor.

.

2. SPECIAL RESOLUTIONS

2.1 SPECIAL RESOLUTION 1: CONFIRMATION OF NO REMUNERATION OF DIRECTORS FOR 2020/2021

It must be decided whether the directors of OVK Empowerment (Pty)Ltd will receive any remuneration.

Reason and Effect for Special Resolution 1

The reason for Special Resolution 1 is to approve whether the Board will receive remuneration or not.

I. VOTING RIGHTS

For a special resolution to be approved by the Company's Shareholders, it must be supported by at least 75% of the voting rights exercised at the Annual General Meeting in respect of a special resolution.

For an ordinary resolution to be approved by the Company's Shareholders, it must be supported by more than 50% of the voting rights exercised at the Annual General Meeting in respect of an ordinary resolution.

By order of the Board.

E ELVERFELD
ACTING COMPANY SECRETARY
Telephone: 051 923 4532
Fax: 086 274 8740
E-mail: esthere@ovk.co.za

Date: 8 March 2021

Direkteure / Directors: S Oberholzer (Voorsitter / Chairman), B Dawson, B Jack, S Nelson

ANNEXURE 2

PROXY

OVK EMPOWERMENT PROPRIETARY LIMITED

"I/We _____

of _____ (address), member number _____
being a Shareholder of OVK Empowerment (Pty)Ltd do hereby appoint:

1. _____or failing him/her;
2. _____ or failing him/her;
3. the Chairman of the meeting,

as my/our proxy to vote or abstain from voting on my/our behalf at the meeting of the Company to be held at **LADYBRAND** on the **30TH MARCH 2021** and at any adjournment thereof.

Please indicate your voting instructions by way of a cross (X) in the space provided. This form of proxy may also be used as a ballot paper.

	IN FAVOUR OF	**AGAINST**	**ABSTAIN**
Ordinary Resolution 1: Approval of Audited Financial Statements			
Ordinary Resolution 2: Appointment of Audit and Risk Committee			
Ordinary Resolution 3: Appointment of Auditors			
Special Resolution 1: Confirmation of no remuneration of Directors for 2020/2021			

Except as instructed above or if no instructions are inserted above my/our proxy may vote as he/she deems fit.

SIGNED AT _____ ON THIS _____ DAY OF _____ 2021.

_____

SHAREHOLDER'S SIGNATURE

NOTES:

- A copy of the instrument appointing a proxy must be handed in 48 (forty eight) hours before the commencement of the meeting in writing to the Company Secretary.
- A Shareholder entitled to attend, speak and vote is entitled to appoint a proxy to attend, speak and vote in his/her stead, and such proxy need not be a Shareholder of the Company but needs to be a natural person.

Direkteure / Directors: S Oberholzer (Voorsitter / Chairman), B Dawson, B Jack, S Nelson

OVK EMPOWERMENT (EDMS.) BPK
REGISTRASIENOMMER: 2014 / 212849 / 07

NOTULE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU OP 25 OKTOBER 2019 IN DIE RAADSAAL VAN OVK BEDRYF BEPERK IN LADYBRAND

TEENWOORDIG

Mnre	S	Oberholzer	Besturende Direkteur
	DP	du Plessis	Maatskappysekretaris
	B	Dawson	Lid
	B	Jack	Lid
Mev.	S	Nelson	Lid
Mev.	E	Elverfeld	Op Uitnodiging

Aandeelhouers teenwoordig soos per bywoningsregister en volmagte ontvang word in berekening gebring vir doeleindes van berekening van ŉ kworum.
Verskonings ontvang : Mnr. P de Wet.

1. OPENING EN VERWELKOMING

Mnr. S Oberholzer open die vergadering met gebed en verwelkom almal teenwoordig. Mnr. S Oberholzer verneem van die vergadering of dit in orde is as die vergadering in Afrikaans geskied en alle partye teenwoordig stem in daartoe.

2. AFSTANDDOENING VAN KENNISGEWING

Die vergadering doen afstand van enige kennisgewingsvereistes ten opsigte van die vergadering.

3. KONSTITUERING VAN DIE VERGADERING

Mnr. C Serfontein, Bestuurder: Interne Oudit bevestig dat ŉ kworum teenwoordig is vir die vergadering.

4. MOSIES

Geen mosies word aangeteken nie.

5. GOEDKEURING VAN NOTULE - ALGEMENE JAARVERGADERING – 26 JULIE 2018

Die notule van die algemene jaarvergadering van 26 Julie 2018 wat vooraf gesirkuleer was, word op voorstel van mnr. S Oberholzer, gesekondeer deur mnr. DP du Plessis, aanvaar en goedgekeur.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

Geen

7. DIREKTEURSVERSLAG

Die Voorsitter bevestig dat daar geen direkteursverslag is nie, maar gee ŉ kort opsomming aan die vergadering deur hoe OVK Empowerment (Edms.) Bpk inskakel in Matla Energy (Edms.) Bpk. Hy bevestig verder dat OVK Empowerment (Edms.) Bpk 26% aandeelhouding het in Matla Energy (Edms.) Bpk en dat Matla Energy (Edms.) Bpk ook as voertuig gebruik gaan word om aansoek te doen vir brandstof lisensies.

8. DIVIDEND

Daar word geen dividend verklaar nie.

9. GEWONE BESLUITE

9.1 GOEDKEURING VAN FINANSIëLE STATE – 28 FEBRUARIE 2019

Die Geouditeerde Finansiële State soos op 28 Februarie 2019 word goedgekeur en bekragtig op voorstel van Mnr. S Oberholzer en gesekondeer deur Mev. S Nelson.

9.2 DIREKTEURSVERKIESING

OVK wys die volgende persone aan as direkteure dienooreenkomstig die bepalings van die Akte van Oprigting :

Mnre.	S	Oberholzer	Besturende Direkteur
	B	Dawson	Direkteur

Die aandeelhouers van OVK Empowerment (Edms.) Bpk het by wyse van ŉ verkiesing die volgende persone genomineer as direkteure en word die besluit bekragtig in die vergadering :

Mev.	S	Nelson	Direkteur
Mnr.	B	Jack	Direkteur

9.3 AANSTELLING VAN OUDITEURE

Daar word eenparig besluit dat PricewaterhouseCoopers as die eksterne ouditeure van OVK Empowerment (Edms.) Bpk aangestel word.

10. SPESIALE BESLUITE

10.1 DIREKTEURSVERGOEDING

Daar word eenparig besluit dat geen vergoeding aan die direkteure van OVK Empowerment (Edms.) Bpk betaal sal word nie.

11. ALGEMEEN

Geen sake word geopper nie.

12. VERDAGING

Die vergadering verdaag.

Voorsitter	**Maatskappy Sekretaris**

OVK EMPOWERMENT (EDMS.) BPK
REGISTRASIENOMMER: 2014 / 212849 / 07

NOTULE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU OP 10 JULIE 2020 IN DIE RAADSAAL VAN OVK BEDRYF BEPERK IN LADYBRAND

TEENWOORDIG

Mnre	S	Oberholzer	Besturende Direkteur
	B	Dawson	Direkteur
	B	Jack	Direkteur
Mev.	S	Nelson	Direkteur
Mev.	E	Elverfeld	Waarnemende Maatskappy Sekretaris

Aandeelhouers teenwoordig soos per bywoningsregister en volmagte ontvang word in berekening gebring vir doeleindes van berekening van ʼn kworum.
Verskonings ontvang : Geen

1. OPENING EN VERWELKOMING

Mnr. S Oberholzer open die vergadering met gebed en verwelkom almal teenwoordig.

2. KONSTITUERING VAN DIE VERGADERING

Mnr. C Serfontein, Bestuurder: Interne Oudit bevestig dat ʼn kworum teenwoordig is vir die vergadering.

3. MOSIES

Geen mosies word aangeteken nie.

4. SPESIALE BESLUITE

4.1 SPESIALE BESLUITE

SPESIALE BESLUIT 1: GOEDKEURING OM DIE AANDELE TERUG TE KOOP VAN AANDEELHOUERS WAT NIE RESSORTEER ONDER DIE DEFINISIE VAN "HISTORICALLY DISADVANTAGED INDIVIDUAL(S)" NIE

Goedkeuring word versoek vanaf die Aandeelhouers dat aandele teruggekoop kan word deur die Maatskappy en word die besluit eenparig aanvaar.

Die rede en effek vir Spesiale Besluit 1 is om die besluit soos goedgekeur deur Direksie op die 11de Junie 2020 om aandele terug te koop, aan die aandeelhouers voor te lê vir goedkeuring.

Hierdie maatskappy is geskep, onder andere met die oogmerk om te voldoen aan die vereistes gestel deur die *"Charter for the South African Petroleum and Liquid Fuels Industry"* deurdat ten minste 26% van 'n aansoeker om 'n brandstoflisensie se aandeelhouding moet bestaan uit aandeelhouers wat binne die definisie van "HDI" val.

Op die oomblik word die aansoeker, Matla (Edms.) Bpk gepenaliseer in hul aansoek om 'n kleinhandellisensie te bekom omrede die 26% aandeelhouding gehou deur OVK Empowerment (Edms.) Bpk nie 100% bestaan uit aandeelhouers wat val binne die definisie van "HDI" nie.

Gevolglik, word die resolusie benodig wat die terugkoop magtig van aandele wat tans gehou word deur aandeelhouers wat nie ressorteer onder die definisie van "HDI" nie.

5. Geen sake word geopper nie.

6.. **VERDAGING**

Die vergadering verdaag.

Voorsitter	**Maatskappy Sekretaris**

OVK Empowerment Eiendoms Beperk
(Registrasienommer 2014/212849/07)
Finansiële Jaarstate
vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020

OVK Empowerment Eiendoms Beperk

(Registrasienommer 2014/212849/07)
Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020

Algemene inligting

Land van inkorporasie en domisilie	Suid-Afrika
Aard van besigheid en hoofaktiwiteite	Beleggingsmaatskappy
Direkteure	S Oberholzer - Voorsitter B Dawson B Jack S Nelson
Geregistreerde kantoor	Dan Pienaarstraat 19 Ladybrand 9745
Posadres	Posbus 96 Ladybrand 9745
Ouditeure	PricewaterhouseCoopers Geïnk. Geregistreerde Ouditeure
Sekretaris	DP du Plessis
Maatskappyregistrasienommer	2014/212849/07
Vlak van gerusstelling	Hierdie finansiële jaarstate is geoudit in ooreenstemming met die toepaslike vereistes van die Maatskappywet, nr. 71 van 2008.
Opsteller	Hierdie finansiële jaarstate is onafhanklik voorberei deur: S van Niekerk GR(SA) Onder toesig van JC Cronje (Hoofbestuurder: Finansies)
Gepubliseer	19 Junie 2020

OVK Empowerment Eiendoms Beperk

(Registrasienommer 2014/212849/07)
Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020

Indeks

Die verslae en state soos vervat in die dokument verteenwoordig die finansiële jaarstate wat aan die aandeelhouers voorgelê is:

	Bladsy
Direkteursverantwoordelikhede en -goedkeuring	3
Onafhanklike Ouditeursverslag	4 - 6
Direkteursverslag	7 - 8
Staat van Finansiële Posisie	9
Staat van Omvattende Inkomste	10
Staat van Verandering in Ekwiteit	11
Staat van Kontantvloeie	12
Rekeningkundige Beleid	13 - 16
Aantekeninge tot die Finansiële Jaarstate	17 - 25
Die volgende aanvullende inligting is nie deel van die finansiële jaarstate nie en is nie geoudit nie:	
Volledige inkomstestaat	26

OVK Empowerment Eiendoms Beperk

(Registrasienommer 2014/212849/07)
Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020

Direkteursverantwoordelikhede en -goedkeuring

Die Maatskappywet, nr. 71 van 2008 bepaal dat die direkteure omvattende rekeningkundige rekords moet byhou en verantwoordelik is vir die inhoud en integriteit van die finansiële jaarstate en verwante finansiële inligting wat by die direkteursverslag ingesluit word. Dit is hul verantwoordelikheid om te verseker dat die finansiële jaarstate ter voldoening aan die 'International Financial Reporting Standards' 'n redelike weergawe is van die stand van die maatskappy se sake aan die einde van die finansiële jaar en die resultate van sy bedrywighede vir die tydperk wat op daardie tydstip geëindig het. Die onafhanklike ouditeure is aangestel om 'n onafhanklike mening oor die finansiële jaarstate uit te spreek.

Die finansiële jaarstate is ooreenkomstig die 'International Financial Reporting Standards' opgestel en is gegrond op toepaslike rekeningkundige beleid wat konsekwent toegepas word en deur redelike en verstandige oordeel en ramings ondersteun word.

Die direkteure erken dat hulle uiteindelik verantwoordelik is vir die stelsels van interne finansiële beheer en plaas aansienlike klem op die belangrikheid van handhawing van streng interne beheer. Ten einde alle direkteure in staat te stel om die verantwoordelikhede na te kan kom, stel die direksie standaarde vir interne beheer wat daarop gerig is om die risiko van foute of verlies op 'n kostedoeltreffende wyse te verlaag. Die standaarde sluit in die behoorlike delegasie van verantwoordelikhede binne 'n duidelik omskrewe raamwerk, effektiewe rekeningkundige prosedures en toereikende skeiding van pligte om 'n aanvaarbare risikovlak te verseker. Die beheermaatreëls word deur die hele maatskappy gemonitor en alle werknemers moet die hoogste etiese standaarde handhaaf om te verseker dat die maatskappy se besigheid gedoen word op 'n wyse wat onder alle redelike omstandighede bo verdenking is. Die maatskappy se risikobestuur is gerig op die identifisering, evaluering, bestuur en monitering van alle bekende risiko's in die maatskappy. Hoewel die bedryfsrisiko nie heeltemal uitgeskakel kan word nie, probeer die maatskappy dit tot 'n minimum beperk deur te verseker dat toepaslike infrastruktuur-, beheer- en ander stelsels en etiese gedrag volgens voorafbepaalde prosedures en beperkings toegepas word.

Die direkteure is op grond van inligting en verduidelikings wat bestuur verskaf, van mening dat die interne beheerstelsels redelike sekerheid bied dat daar vir die opstel van die finansiële jaarstate op die finansiële rekords gesteun kan word. Interne stelsels vir finansiële beheer bied slegs redelike en nie absolute versekering teen beduidende wanverklarings of verliese.

Die direkteure is oortuig dat die maatskappy toereikende middele het, of toegang tot toereikende middele het, om sy bedrywighede in die voorsienbare toekoms voort te sit.

Hoewel die direksie primêr verantwoordelik is vir die finansiële sake van die maatskappy, word hulle deur die maatskappy se onafhanklike ouditeure ondersteun.

Die onafhanklike ouditeure is verantwoordelik vir die onafhanklike oudit van die maatskappy se finansiële jaarstate en om daaroor verslag te doen. 'n Onafhanklike oudit is uitgevoer op hierdie finansiële jaarstate deur die maatskappy se onafhanklike ouditeure en hul verslag word op bladsye 4 tot 6 aangebied.

Die finansiële jaarstate wat op bladsye 7 tot 26 uiteengesit word en op die lopendesaakgrondslag opgestel is, is op 16 Junie 2020 deur die direksie goedgekeur en namens hulle onderteken deur:

S Oberholzer - Voorsitter

Onafhanklike ouditeur se verslag

Aan die Aandeelhouers van OVK Empowerment Eiendoms Beperk

Ons mening

Na ons mening is die finansiële state, in alle wesenlike opsigte, 'n redelike voorstelling van die finansiële stand van OVK Empowerment Eiendoms Beperk (die Maatskappy) soos op 29 Februarie 2020, en van die maatskappy se finansiële prestasie en kontantvloeie vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, ooreenkomstig *'International Financial Reporting Standards'* en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika.

Wat ons geoudit het

OVK Empowerment Eiendoms Beperk se finansiële state soos uiteengesit op bladsye 9 tot 25 bestaan uit:

- die staat van finansiële posisie soos op 29 Februarie 2020;
- die staat van omvattende inkomste vir die jaar wat op daardie datum geëindig het;
- die staat van verandering in ekwiteit vir die jaar wat op daardie datum geëindig het;
- die staat van kontantvloeie vir die jaar wat op daardie datum geëindig het;
- die rekeningkundige beleid; en
- die aantekeninge tot die finansiële jaarstate.

Grondslag vir mening

Ons het ons oudit ooreenkomstig 'International Standards on Auditing' ('ISAs') uitgevoer. Ons verantwoordelikhede ingevolge daardie standaarde word verder beskryf in die *Ouditeur se Verantwoordelikhede vir die oudit van die finansiële state*-afdeling van ons verslag.

Ons glo dat die ouditbewyse wat ons verkry het, toereikend en toepaslik is om 'n grondslag vir ons ouditmening te bied.

Onafhanklikheid

Ons is onafhanklik van die Maatskappy in ooreenstemming met artikels 290 en 291 van die 'Independent Regulatory Board for Auditors (IRBA)' se '*Code of Professional Conduct for Registered Auditors (Revised January 2018)*', afdelings 1 en 3 van die 'Independent Regulatory Board for Auditors (IRBA)' se '*Code of Professional Conduct for Registered Auditors (Revised November 2018)'* (tesame die 'IRBA Codes') en ander onafhanklikheidsvereistes wat van toespassing is op oudits van finansiële state in Suid-Afrika. Ons het ons ander etiese verantwoordelikhede, soos van toepassing, ooreenkomstig die 'IRBA Codes' en ooreenkomstig ander etiese vereistes wat van toepassing is op oudits in Suid-Afrika vervul. Die 'IRBA Codes' is konsekwent met ooreenstemmende artikels van onderskeidelik die 'International Ethics Standards Board for Accountants' se '*Code of Ethics for Professional Accountants*' en die 'International Ethics Standards Board for Accountants' se '*International Code of Ethics for Professional Accountants (including International Independence Standards)*'.

Ander inligting

Die direkteure is verantwoordelik vir die ander inligting. Die ander inligting bestaan uit die inligting wat ingesluit is in die dokument getiteld "*OVK Empowerment Eiendoms Beperk Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020*", wat die *Direkteursverslag*, soos vereis deur die Maatskappywet van Suid-Afrika, insluit. Die ander inligting sluit nie die finansiële state en ons ouditeursverslag daaroor in nie.

Ons mening oor die finansiële state dek nie die ander inligting nie en ons spreek geen ouditopinie of enige vorm van gerusstelling daaroor uit nie.

In verband met ons oudit van die finansiële state is dit ons verantwoordelikheid om die ander inligting wat hierbo geïdentifiseer is te lees, en sodoende te oorweeg of die ander inligting wesenlik teenstrydig is met die finansiële state of kennis verkry gedurende die oudit, of andersins blyk om wesenlik wanvoorgestel te wees.

Indien ons, op grond van die werk wat ons uitgevoer het, tot die gevolgtrekking kom dat daar 'n wesenlike wanvoorstelling van hierdie ander inligting is, word van ons vereis om daardie feit te rapporteer. Ons het niks om in hierdie verband te rapporteer nie.

Verantwoordelikhede van die direkteure vir die finansiële state

Die maatskappy se direkteure is verantwoordelik vir die opstel en redelike voorstelling van die finansiële state ooreenkomstig *'International Financial Reporting Standards'* en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika, en vir sodanige interne beheer as wat die direkteure nodig ag vir die opstel van finansiële state wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute.

As deel van die opstel van die finansiële state is die direkteure daarvoor verantwoordelik om die Maatskappy se vermoë om as 'n lopende saak voort te bestaan te beoordeel, en soos toepaslik aangeleenthede wat verband hou met lopende saak en die gebruik van die lopende-saak-grondslag van verslagdoening te openbaar, tensy die direkteure beplan om die Maatskappy te likwideer of om bedrywighede te staak, of geen realistiese alternatief het as om dit te doen nie.

Ouditeur se verantwoordelikhede vir die oudit van die finansiële state

Ons doelwitte is om redelike gerusstelling te verkry of die finansiële state as 'n geheel vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute, en om 'n ouditeursverslag uit te reik wat ons mening bevat. Redelike gerusstelling is 'n hoë vlak van gerusstelling, maar is nie 'n waarborg dat 'n oudit wat ooreenkomstig die ISAs uitgevoer is altyd 'n wesenlike wanvoorstelling sal opspoor indien dit bestaan nie. Wanvoorstellings kan ontstaan as gevolg van bedrog of foute, en word individueel of in totaal wesenlik geag indien dit redelikerwys verwag kan word dat sodanige wanvoorstellings die ekonomiese besluite van gebruikers wat op grond van hierdie finansiële state geneem word sal beïnvloed.

As deel van 'n oudit ooreenkomstig die ISAs oefen ons professionele oordeel uit en handhaaf ons professionele skeptisisme deurlopend deur die oudit. Ons doen ook die volgende:

- Identifiseer en beoordeel die risikos van wesenlike wanvoorstelling van die finansiële state, hetsy weens bedrog of foute, ontwerp en voer ouditprosedures uit na aanleiding van daardie risikos, en verkry ouditbewyse wat voldoende en toepaslik is om 'n grondslag vir ons ouditmening te bied. Die risiko van nie-opsporing van 'n wesenlike wanvoorstelling as gevolg van bedrog is groter as vir 'n wesenlike wanvoorstelling as gevolg van foute, aangesien bedrog samespanning, vervalsing, doelbewuste weglatings, wanvoorstellings, of die omseiling van interne beheer kan behels.
- Verkry 'n begrip van interne beheer relevant tot die oudit ten einde ouditprosedures te ontwerp wat toepaslik is in die omstandighede, maar nie vir die doel om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die Maatskappy se interne beheer nie.

- Evalueer die toepaslikheid van rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige ramings en verwante openbaarmaking wat deur die direkteure gemaak is.
- Kom tot ’n gevolgtrekking oor die toepaslikheid van die direkteure se gebruik van die lopende-saak-grondslag van verantwoording, en gebaseer op ouditbewyse verkry, kom tot ’n gevolgtrekking oor die bestaan van ’n wesenlike onsekerheid wat verband hou met gebeure of omstandighede wat beduidende twyfel kan laat bestaan oor die Maatskappy se vermoë om as ’n lopende saak voort te bestaan. Waar ons tot die gevolgtrekking kom dat ’n wesenlike onsekerheid bestaan word daar van ons vereis om in ons ouditeursverslag aandag te vestig op die toepaslike openbaarmaking in die finansiële state, of, indien sodanige openbaarmaking onvoldoende is, om ons mening te wysig. Ons gevolgtrekkings word gebaseer op ouditbewyse verkry tot en met die datum van ons ouditeursverslag. Toekomstige gebeure en omstandighede mag egter daartoe aanleiding gee dat die Maatskappy ophou om as ’n lopende saak voort te bestaan.
- Evalueer die algehele voorstelling, struktuur en inhoud van die finansiële state, insluitende die openbaarmaking, en of die finansiële state die onderliggende transaksies en gebeure op só ’n manier weergee dat redelike voorstelling bereik word.

Ons kommunikeer met die direkteure oor, onder andere, die beplande omvang en tydsberekening van die oudit en beduidende ouditbevindinge, insluitende enige beduidende tekortkominge in interne beheer wat ons tydens ons oudit identifiseer.

PricewaterhouseCoopers Geïnk.
Direkteur: Etienne van Niekerk
Geregistreerde Ouditeur
Bloemfontein
19 Junie 2020

Direkteursverslag

Die direkteure dien hul verslag oor die finansiële jaarstate van die maatskappy vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020 in.

1. Oorsig van finansiële resultate en aktiwiteite

Die finansiële jaarstate is voorberei in ooreenstemming met 'International Financial Reporting Standards' en die vereistes van die Maatskappywet, nr. 71 van 2008. Die rekeningkundige beleid is konsekwent toegepas in vergelyking met die vorige jaar.

Die maatskappy is 'n beleggingsmaatskappy en is hoofsaaklik in Suid-Afrika bedrywig.

Die maatskappy se bedryfsresultate en stand van sake word ten volle in die aangehegte finansiële jaarstate uiteengesit en vereis na ons mening geen bykomende kommentaar nie.

2. Gebeure na die verslagdoeningstydperk

Verwys na aantekening 11 vir die openbaarmaking rakende die gebeure na die verslagdoeningstydperk.

3. Gemagtigde en uitgereikte aandelekapitaal

Verwys na aantekening 8 van die finansiële jaarstate vir besonderhede van die beweging in gemagtigde en uitgereikte aandelekapitaal.

4. Dividende

Geen dividende was verklaar of betaal gedurende die jaar nie.

5. Direkteure

Die maatskappy se direksie gedurende die jaar en tot die datum van dié verslag is soos volg:

S Oberholzer - Voorsitter	
B Dawson	Aangestel 25 Oktober 2019
B Jack	Aangestel 25 Oktober 2019
MP Jafta	Bedank 25 Oktober 2019
S Nelson	Aangestel 25 Oktober 2019

6. Lopende saak

Ons vestig u aandag op die feit dat die maatskappy op 29 Februarie 2020 'n opgehoopte verlies van R (20 373) (2019:R (13 923)) gehad het en dat die maatskappy se totale laste sy totale bates met R (9 143)(2019: R (4 843)) oorskry het.

Die finansiële jaarstate is opgestel op grond van rekeningkundige beleid wat op 'n lopende saak van toepassing is. Die grondslag veronderstel dat fondse beskikbaar sal wees om toekomstige bedrywighede te finansier en dat die realisering van bates en vereffening van laste, voorwaardelike verpligtinge en aanspreeklikhede in die gewone gang van sake sal plaasvind.

Die maatskappy se vermoë om as 'n lopende saak voort te gaan, hang af van 'n aantal faktore. Die belangrikste hiervan is dat die direkteure voortgaan om befondsing te verkry vir die maatskappy se deurlopende bedrywighede en dat die ondergeskikstellingsooreenkoms waarna in aantekening 9 van dié finansiële jaarstate verwys word, van krag sal bly so lank as wat dit neem om die maatskappy se solvensie te herstel.

7. Sekretaris

Die maatskappy sekretaris is DP du Plessis wat by die volgende adres werksaam is:

Posadres	Posbus 96 Ladybrand 9745
Besigheidsadres	Dan Pienaarstraat 19 Ladybrand 9745

8. Ouditeure

PricewaterhouseCoopers Geïnk. sal kragtens artikel 90 van die Maatskappywet, nr.71 van 2008 hul amp voortsit.

Staat van Finansiële Posisie soos op 29 Februarie 2020

	Aan-teke-ninge	2020	2019
		R	R
Bates			
Nie-bedryfsbates			
Beleggings in filiaal	4	100	-
Beleggings in geassosieerde	5	260	260
		360	**260**
Bedryfsbates			
Lenings aan groepmaatskappye	6	110	-
Kontant en kontantekwivalente	7	5 176 857	2 357
		5 176 967	**2 357**
Totale bates		**5 177 327**	**2 617**
Ekwiteit en aanspreeklikhede			
Ekwiteit			
Aandelekapitaal	8	11 230	9 080
Opgelope verlies		(20 373)	(13 923)
		(9 143)	**(4 843)**
Laste			
Bedryfslaste			
Lenings vanaf groepmaatskappye	9	5 186 470	7 460
Totale ekwiteit en aanspreeklikhede		**5 177 327**	**2 617**

Die rekeningkundige beleid op bladsye 13 tot 16 en die aantekeninge op bladsye 17 tot 25 vorm 'n integrale deel van die finansiële jaarstate.

OVK Empowerment Eiendoms Beperk

(Registrasienommer 2014/212849/07)
Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020

Staat van Omvattende Inkomste

	Aan-teke-ninge	2020	2019
		R	R
Ander inkomste		4 009	62
Administratiewe uitgawes		(10 468)	(14 011)
Bedryfsverlies		**(6 459)**	**(13 949)**
Beleggingsinkomste		9	26
Verlies voor belasting		**(6 450)**	**(13 923)**
Belasting		-	-
Verlies vir die jaar		**(6 450)**	**(13 923)**
Ander omvattende inkomste		-	-
Totale omvattende verlies vir die jaar		**(6 450)**	**(13 923)**

Die rekeningkundige beleid op bladsye 13 tot 16 en die aantekeninge op bladsye 17 tot 25 vorm 'n integrale deel van die finansiële jaarstate.

OVK Empowerment Eiendoms Beperk

(Registrasienommer 2014/212849/07)
Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020

Staat van Verandering in Ekwiteit

	Aandele-kapitaal R	Opgelope verlies R	Totale ekwiteit R
Saldo op 1 Maart 2018	**10 590**	**-**	**10 590**
Verlies vir die jaar	-	(13 923)	(13 923)
Ander omvattende inkomste	-	-	-
Totale omvattende verlies vir die jaar	**-**	**(13 923)**	**(13 923)**
Aandele teruggekoop	(1 510)	-	(1 510)
Totale bydraes deur en verdelings aan eienaars van die maatskappy direk in ekwiteit erken	**(1 510)**	**-**	**(1 510)**
Saldo op 1 Maart 2019	**9 080**	**(13 923)**	**(4 843)**
Verlies vir die jaar	-	(6 450)	(6 450)
Ander omvattende inkomste	-	-	-
Totale omvattende verlies vir die jaar	**-**	**(6 450)**	**(6 450)**
Aandele uitgereik	3 180	-	3 180
Aandele teruggekoop	(1 030)	-	(1 030)
Totale bydraes deur en verdelings aan eienaars van die maatskappy direk in ekwiteit erken	**2 150**	**-**	**2 150**
Saldo op 29 Februarie 2020	**11 230**	**(20 373)**	**(9 143)**
Aantekeninge	8		

Die rekeningkundige beleid op bladsye 13 tot 16 en die aantekeninge op bladsye 17 tot 25 vorm 'n integrale deel van die finansiële jaarstate.

Staat van Kontantvloeie

	Aan-teke-ninge	2020 R	2019 R
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite			
Kontant aangewend in bedrywighede	10	(6 459)	(13 981)
Rente-inkomste		9	26
Netto kontant uit bedryfsaktiwiteite		**(6 450)**	**(13 955)**
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite			
Lenings aan groepmaatskappye terug ontvang		-	17 822
Lenings aan groepmaatskappye toegestaan		(110)	-
Beweging in beleggings		(100)	-
Netto kontant uit beleggingsaktiwiteite		**(210)**	**17 822**
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite			
Opbrengs op aandele uitgereik	8	3 180	-
Terugkoop van aandele	8	(1 030)	(1 510)
Opbrengs op lenings vanaf groepmaatskappye		5 179 010	-
Netto kontant uit finansieringsaktiwiteite		**5 181 160**	**(1 510)**
Totale kontantbeweging vir die jaar		**5 174 500**	**2 357**
Saldo aan die begin van die jaar		2 357	-
Saldo aan die einde van die jaar	7	**5 176 857**	**2 357**

Die rekeningkundige beleid op bladsye 13 tot 16 en die aantekeninge op bladsye 17 tot 25 vorm 'n integrale deel van die finansiële jaarstate.

Rekeningkundige Beleid

1. Aanbieding van finansiële jaarstate

Die finansiële jaarstate is ooreenkomstig 'International Financial Reporting Standards' en die Maatskappywet, nr. 71 van 2008 opgestel. Die finansiële jaarstate is op die historiesekoste grondslag opgestel en word in Suid-Afrikaanse Rand aangebied.

Die rekeningkundige beleid stem ooreen met dié van die vorige tydperk.

1.1 Beduidende oordele en bronne van ramingsonsekerheid

Met die opstel van die finansiële jaarstate moet die bestuur sekere ramings en aannames maak wat die bedrae verwante openbaarmaking kan beïnvloed wat in die finansiële jaarstate vervat word. Die gebruik van beskikbare inligting en die toepassing van oordeel is eie aan ramings. Die werklike toekomstige resultate kan dus van dié ramings verskil, wat 'n beduidende invloed op die finansiële jaarstate kan hê. Belangrike ramings sluit in:

Waardedalingstoets

Die verhaalbare bedrae van kontantgenererende eenhede en individuele bates is bereken op grond van die berekenings van gebruikswaarde en billike waardes, welke een ook al die hoogste is. Dié berekenings vereis die gebruik van ramings en veronderstellings.

Die maatskappy toets en sien die drawaarde van bates na wanneer gebeurtenisse of veranderings in omstandighede aandui dat die drabedrag dalk nie verhaalbaar is nie. Hierbenewens word klandisiewaarde op 'n jaarlikse grondslag vir waardedaling getoets. Bates word gegroepeer teen die laagste vlak waar identifiseerbare kontantvloei grotendeels afhanklik is van kontantvloei van ander bates en laste. Indien daar aanduidings is dat waardedaling kon plaasgevind het, word ramings van die verwagte toekomstige kontantvloei vir elke bategroep gedoen. Verwagte toekomstige kontantvloei wat gebruik word om die gebruikswaarde van klandisiewaarde en tasbare bates te bereken, is inherent onseker en kan mettertyd wesenlik verander. Dit word wesenlik beïnvloed deur 'n aantal faktore, waaronder produksieramings, vraag en aanbod saam met ekonomiese faktore soos wisselkoerse, inflasie en rente.

Voorsienings

Voorsienings is erken en die bestuur het op grond van die beskikbare inligting 'n raming gedoen.

Belasting

Weens die ingewikkeldheid van die relevante wetgewing verg dit oordeel om die voorsiening vir inkomste belasting te bepaal. Daar is talle transaksies en berekenings waarvoor die uiteindelike belastingberekening in die gewone gang van besigheid onseker is. Die maatskappy erken aanspreeklikhede vir verwagte belastingouditaangeleenthede op grond van die feit dat bykomende belasting betaalbaar sal wees al dan nie. Indien die finale uitslag van dié aangeleenthede verskil van die bedrae wat aanvanklik aangeteken is, sal sodanige verskille die inkomste belasting en uitgestelde belastingvoorsiening beïnvloed in die tydperk waarin sodanige berekening gedoen word.

Die maatskappy erken die netto toekomstige belastingvoordeel ten opsigte van die uitgestelde belastingbates in soverre dit waarskynlik is dat die aftrekbare tydelike verskille in die voorsienbare toekoms omgeswaai sal word. In die evaluering van die verhaalbaarheid van uitgestelde belastingbates moet die maatskappy beduidende ramings oor belasbare inkomste maak. Ramings oor toekomstige belasbare inkomste is gegrond op voorspelde kontantvloei uit bedrywighede en die toepassing van bestaande belastingwette in elke jurisdiksie. In soverre die toekomstige kontantvloei en belasbare inkomste wesenlik van ander ramings verskil, kan die maatskappy se vermoë om die netto uitgestelde belastingbates te realiseer wat op die verslagdoeningsdatum aangeteken is, beïnvloed word.

Lenings en debiteure

Die maatskappy evalueer sy lenings en debiteure op elke verslagdoeningsdatum vir waardedaling. Wanneer bepaal word of 'n waardedalingsverlies in die staat van omvattende inkomste aangeteken moet word, besluit die maatskappy of daar waarneembare inligting is wat 'n meetbare afname in die beraamde toekomstige kontantvloei van 'n finansiële bate aandui.

Die waardedaling vir lenings en debiteure word op 'n individuele grondslag bereken, gegrond op historiese verliesverhoudings wat aangepas is vir nasionale en bedryfspesifieke ekonomiese toestande en ander aanduiders op die verslagdoeningsdatum wat met gebreke in die portefeulje verband hou. Dié jaarlikse verliesverhoudings word toegepas op leningsaldo's en by die beraamde verliesvoorkomstydperk aangepas.

1.2 Beleggings in geassosieerde

’n Belegging in ’n geassosieerde word gedra teen kosprys minus enige opgehoopte waardedaling.

1.3 Finansiële instrumente

Finansiële instrumente wat deur die maatskappy gehou word, word geklassifiseer ooreenkomstig die bepalings van IFRS 9 Finansiële Instrumente.

In die breë is die klassifikasiemoontlikhede wat deur die maatskappy aangeneem word, soos van toepassing, soos volg:

Finansiële bates wat skuldinstrumente is:

- Geamortiseerde koste. (Hierdie kategorie is slegs van toepassing wanneer die kontraktuele bepalings van die instrument op gespesifiseerde datums aanleiding gee tot kontantvloei wat uitsluitlik betalings van kapitaal en rente op uitstaande kapitaal is en waar die instrument gehou word onder 'n besigheidsmodel wie se doelwit nagekom word deur die instrument om kontraktuele kontantvloei in te vorder); of
- Verpligtend teen billike waarde deur wins of verlies. (Hierdie klassifikasie is outomaties van toepassing op alle skuldinstrumente wat nie teen geamortiseerde koste of teen billike waarde deur ander omvattende inkomste kwalifiseer nie); of
- Aangewys as teen billike waarde deur wins of verlies. (Hierdie klassifikasie opsie kan slegs toegepas word wanneer dit 'n rekeningkundige wanverhouding uitskakel of dit aansienlik verminder).

Finansiële laste:

- Geamortiseerde koste; of

Aantekening 3 - Finansiële instrumente en risikobestuur openbaar die finansiële instrumente wat deur die maatskappy gehou word op grond van hul spesifieke klassifikasies.

Alle gereelde aankope of verkope van finansiële bates word op 'n handelsdatum basis erken of afgekeur. Gereelde aankope of verkope is aankope of verkope van finansiële bates wat die lewering van bates binne die tydsbestek wat deur regulasie in die mark bepaal word, vereis.

Die spesifieke rekeningkundige beleide vir die klassifikasie, erkenning en meting van elke tipe finansiële instrument wat deur die maatskappy gehou word, word hieronder uiteengesit:

Lenings van verwante partye

Klassifikasie

Lenings vanaf groepmaatskappye (aantekening 9) word geklassifiseer as finansiële laste wat later teen geamortiseerde koste gemeet word.

Erkenning en meting

Lenings vanaf verwante partye word erken wanneer die maatskappy 'n party tot die kontraktuele verpligting van die lening word. Die lenings word gemeet, by aanvanklike erkenning, teen billike waarde plus transaksie koste, indien enige.

Dit word later teen geamortiseerde koste gemeet volgens die effektiewe rentekoersmetode.

Die effektiewe rentekoersmetode is 'n metode om die geamortiseerde koste van 'n finansiële las te bereken en om rentekoste oor die betrokke tydperk toe te ken. Die effektiewe rentekoers is die koers wat toekomstige kontantbetalings (insluitend alle gelde betaal of ontvang wat 'n integrale deel van die effektiewe rentekoers, transaksiekoste en ander premies of afslag vorm) deur die verwagte lewensduur van die finansiële las, of (waar toepaslik) 'n korter tydperk, tot die geamortiseerde koste van 'n finansiële las te erken.

Lenings is blootgestel aan die maatskappy se likiditeit en rentekoersrisiko. Verwys na aantekening 3 vir die openbaarmaking van die risiko blootstelling en bestuur daarvan.

Onterkenning

Verwys na die onterkenningsafdeling van die rekeningkundige beleid vir die beleid en prosesse wat verband hou met onterkenning.

1.3 Finansiële instrumente (vervolg)

Handels- en ander krediteure

Klassifikasie

Handels- en ander krediteure (aantekening), uitgesluit BTW en bedrae vooruitontvang, word geklassifiseer as finansiële laste en later gemeet teen geamortiseerde koste.

Erkenning en meting

Dit word erken wanneer die maatskappy 'n party tot die kontraktuele bepalings word en word by aanvanklike erkenning teen billike waarde plus transaksiekoste, indien enige, gemeet.

Dit word later teen geamortiseerde koste gemeet volgens die effektiewe rentekoersmetode.

Die effektiewe rentekoersmetode is 'n metode om die geamortiseerde koste van 'n finansiële las te bereken en om rentekoste oor die betrokke tydperk toe te ken. Die effektiewe rentekoers is die koers wat toekomstige kontantbetalings (insluitend alle gelde betaal of ontvang wat 'n integrale deel van die effektiewe rentekoers, transaksiekoste en ander premies of afslag vorm) deur die verwagte lewensduur van die finansiële las, of (waar toepaslik) 'n korter tydperk, tot die geamortiseerde koste van 'n finansiële las te erken.

Handels- en ander krediteure is blootgestel aan die maatskappy se likiditeitsrisiko en moontlike rentekoersrisiko. Verwys na aantekening 3 vir die openbaarmaking en die risikoblootstelling en bestuur daarvan.

Onterkenning

Verwys na die onterkenningsafdeling van die rekeningkundige beleid vir die beleid en prosesse wat verband hou met onterkenning.

Kontant en kontantekwivalente

Kontant en kontantekwivalente word teen drabedrag getoon wat as die billike waarde beskou word.

Kontant en kontantekwivalente bestaan uit kontant voorhande, deposito's en ander korttermyn hoogs likiede beleggings met 'n oorspronklike vervaldatum van 3 maande of minder en bankoortrekkings wat maklik omskepbaar is tot 'n bekende bedrag kontant en onderworpe is aan 'n onbeduidende risiko van veranderinge in waarde. Dit word aanvanklik en daarna teen billike waarde erken.

Onterkenning

Finansiële bates

Die maatskappy onttrek slegs 'n finansiële bate wanneer die kontraktuele regte op die kontantvloei uit die bate verval, of wanneer die finansiële bate wesenlik al die risiko's en voordele van eienaarskap van die bate aan 'n ander party oordra. Indien die maatskappy nie die oorblywende bates oordra of behou nie, maar van die risiko's en voordele van eienaarskap behou, erken die maatskappy sy behoue belange in die bate en 'n gepaardgaande aanspreeklikheid vir bedrae wat dit mag betaal. Indien die maatskappy wesenlik al die risiko's en voordele van eienaarskap van 'n finansiële bate wat oorgedra is behou, erken die maatskappy steeds die finansiële bate en erken ook 'n versekerde lening vir die opbrengs ontvangbaar.

Finansiële laste

Die maatskappy onterken finansiële laste wanneer, en slegs wanneer, die maatskappy se verpligting gekanselleer of verval het. Die verskil tussen die drabedrag en die finansiële las erken en die bedrag betaal of betaalbaar, ingesluit nie-kontant bates of laste oorgedra, word erken in wins of verlies.

1.3 Finansiële instrumente (vervolg)

Herklassifikasie

Finansiële bates

Die maatskappy herklassifiseer slegs finansiele bates wanneer daar 'n verandering in die besigheidsmodel van die bates is. As 'n herklassifikasie nodig is, word dit vanaf die herklassifikasie datum aangepas. Enige vorige winste, verliese of rente word nie herklasifiseer nie.

Die herklassifikasie datum is die begin van die eerste verslagdoeningsperiode na die veranderinge in die besigheidsmodel.

Finansiële laste

Finansiële laste word nie herklasifiseer nie.

1.4 Belasting

Lopende belastingbates en -laste

Lopende belasting vir huidige en vorige tydperke word, in soverre dit onbetaal is, as ’n las erken. Indien die bedrag wat reeds ten opsigte van huidige en vorige tydperke betaal is, meer is as die bedrag wat in die tydperke betaalbaar is, word die surplus as ’n bate erken.

Lopende belastinglaste (bates) vir die huidige en vorige tydperk word bereken teen die bedrag wat na verwagting betaal sal word aan (verhaal sal word van) die belastingowerhede deur die belastingkoers (en belastingwetgewing) te gebruik wat teen die verslagdoeningsdatum uitgevaardig is of in wese uitgevaardig is.

Uitgestelde belastingbates en laste

’n Uitgestelde belastinglas word vir alle belasbare tydelike verskille erken, buiten in soverre die uitgestelde belastinglas spruit uit die aanvanklike erkenning van 'n bate of las in 'n transaksie wat ten tye van die transaksie nie die rekeningkundige wins of die belasbare wins (belastingverlies) beïnvloed nie.

’n Uitgestelde belastingbate word vir alle aftrekbare tydelike verskille erken in soverre dit waarskynlik is dat ’n belasbare wins beskikbaar sal wees waarteen die aftrekbare tydelike verskille benut kan word. 'n Uitgestelde belastingbate word nie erken wanneer dit ontstaan uit die aanvanklike erkenning van 'n bate of las in 'n transaksie wat ten tye van die transaksie nie die rekeningkundige wins of belasbare wins (belastingverlies) beïnvloed nie.

Belasting uitgawes

Lopende en uitgestelde belasting word as 'n inkomste of uitgawe erken en by wins en verlies vir die tydperk ingesluit, buiten in soverre die belasting spruit uit:

- ’n transaksie of gebeurtenis wat in dieselfde of ’n ander tydperk regstreeks in ekwiteit erken is; of
- 'n besigheidsamevoeging.

Lopende belasting en uitgestelde belasting word regstreeks teen ander omvattende inkomste gedebiteer of gekrediteer indien die belasting betrekking het op items wat in dieselfde of ’n ander tydperk regstreeks teen ander omvattende inkomste gekrediteer of gedebiteer word.

1.5 Aandelekapitaal en ekwiteit

’n Ekwiteitsinstrument is enige kontrak wat bewys is van ’n oorblywende belang in die bates van ’n entiteit nadat al sy laste afgetrek is.

1.6 Rente inkomste

Rente inkomste uit finansiële bates teen geamortiseerdse koste word erken, soos dit oploop, in wins en verlies deur gebruik te maak van die effektiewe rentekoersmetode.

Aantekeninge tot die Finansiële Jaarstate

2. Nuwe Standaarde en Vertolkings

2.1 Standaarde en vertolkings van krag en toegepas in die huidige jaar

In die huidige jaar, het die maatskappy die volgende standaarde en vertolkings toegepas wat vir die huidige finansiële jaar van krag is en op sy bedrywighede van toepassing is:

Wysigings aan IAS 12 Inkomstebelasting: Jaarlikse verbeterings aan IFRS 2015 - 2017 siklus

Die wysiging spesifiseer dat die gevolge van inkomstebelasting op dividende erken word in wins en verlies, ander omvattende inkomste of ekwiteit volgens die oorspronklike oorsprong van die gebeure of transaksies wat die verdeelbare reserwes genereer het.

Die effektiewe datum van die wysiging is vir jare wat op of na 1 Januarie 2019 begin.

Dit is onwaarskynlik dat die wysiging 'n wesenlike impak op die finansiële jaarstate van die onderneming sal hê.

Onsekerheid oor inkomstebelasting hantering

Die interpretasie verduidelik hoe die erkennings- en metingsvereistes in IAS 12 toegepas moet word as daar onsekerheid is oor die hantering van inkomstebelasting. Spesifiek, as dit waarskynlik is dat die belastingowerhede die onsekere belastinghantering sal aanvaar, word alle belastingverwante items gemeet volgens die beplande belastinghantering. As dit nie waarskynlik is dat die belastingowerhede die onsekere belastinghantering sal aanvaar nie, word die belastingverwante items gemeet aan die hand van waarskynlikhede om die onsekerheid te weerspieël. Veranderings in feite en omstandighede moet behandel word as veranderinge in ramings en sodoende toegepas word.

Die effektiewe datum van die interpretasie is vir jare wat op 1 Januarie 2019 begin of daarna.

Dit is onwaarskynlik dat die wysiging 'n wesenlike impak op die finansiële jaarstate van die onderneming sal hê.

2.2 Standaarde en vertolkings wat nog nie van krag is nie

Die maatskappy het besluit om die volgende standaarde en vertolkings, wat gepubliseer en verpligtend is vir die maatskappy se rekeningkundige tydperke wat na 01 Maart 2019 begin, nie vroeg toe te pas nie:

Standaard/Vertolking	Effektiewe datum: Jare begin op of na	Verwagte impak:
• Definisie van 'n besigheid - Wysigings aan IFRS 3	01 Januarie 2020	Onwaarskynlik dat daar 'n wesenlike impak sal wees.
• Rekeningkundige beleid, veranderinge in rekeningkundige ramings en foute: inisiatief vir openbaarmaking	01 Januarie 2020	Onwaarskynlik dat daar 'n wesenlike impak sal wees.

Aantekeninge tot die Finansiële Jaarstate

3. Finansiële instrumente en risikobestuur

Kategorieë van finansiële instrumente

Kategorieë van finansiële bates

2020

	Aan-teke-ninge	Geamotiseer-de koste	Totaal	Billike waarde
Lenings aan groep maatskappye	6	110	110	110
Kontant en kontantekwivalente	7	5 176 857	5 176 857	5 176 857
		5 176 967	**5 176 967**	**5 176 967**

2019

	Aan-teke-ninge	Geamotiseer-de koste	Totaal	Billike waarde
Kontant en kontantekwivalente	7	2 357	2 357	2 357

Kategorieë van finansiële laste

2020

	Aan-teke-ninge	Geamotiseer-de koste	Totaal	Billike waarde
Lenings vanaf groepmaatskappye	9	5 186 470	5 186 470	5 186 470

2019

	Aan-teke-ninge	Geamotiseer-de koste	Totaal	Billike waarde
Lenings vanaf groepmaatskappye	9	7 460	7 460	7 460

Aantekeninge tot die Finansiële Jaarstate

		2020 R	2019 R

3. Finansiële instrumente en risikobestuur (vervolg)

Kapitalerisiko

Die maatskappy se doelwitte met die bestuur van kapitaal is om die maatskappy se vermoë om as 'n lopendesaak voort te gaan, te beskerm ten einde 'n opbrengs vir aandeelhouers en voordele vir ander belanghebbers te lewer en om 'n optimale kapitaalstruktuur te handhaaf om die kapitaalkoste te verminder.

Die kapitaalstruktuur van die maatskappy bestaan uit skuld, wat die lenings geopenbaar in aantekening 9 en ekwiteit wat in die staat van finansiële posisie bekendgemaak is, insluit.

Om die kapitaalstruktuur te handhaaf of aan te pas, kan die maatskappy die bedrag van die dividend betaal aan aandeelhouers aanpas, kapitaal uitkeer aan aandeelhouers, nuwe aandele uitreik of bates verkoop om skuld te verminder.

Soos ander in die bedryf, monitor die maatskappy kapitaal op grond van die hefboomverhouding.

Die verhouding word bereken as netto skuld verdeel deur totale kapitaal. Netto skuld word bereken as totale lenings (Insluitende bedryfs- en niebedryfslenings soos in die staat van finansiële posisie getoon) minus kontant en kontantekwivalente. Totale ekwiteit word getoon in die staat van finansiële posisie.

Die kapitaalstruktuur en hefboomverhouding op 2020 en 2019 was onderskeidelik soos volg:

Lenings vanaf groep maatskappye	9	5 186 470	7 460
Totale laste		**5 186 470**	**7 460**
Minus: Kontant en kontantekwivalente	7	(5 176 857)	(2 357)
Netto laste		**9 613**	**5 103**
Ekwiteit		(9 143)	(4 843)
Totale kapitaal		**470**	**260**
Hefboomverhouding		2 045 %	1 963 %

Finansiële risiko

Oorsig

Die maatskappy is blootgestel aan die volgende risiko's as gevolg van die gebruik van finansiële instrumente:
- Kredietrisiko;
- Likiditeitsrisiko; en
- Markrisiko (rentekoersrisiko).

Die maatskappy se algehele risikobestuursprogram fokus op die onvoorspelbaarheid van finansiële markte en wil die moontlike negatiewe uitwerking op die maatskappy se finansiële prestasie tot 'n minimum beperk. Die maatskappy gebruik afgeleide finansiële instrumente om sekere risikoblootstellings te verskans. Risikobestuur word deur 'n sentrale tesourieafdeling (finansiële afdeling) gedoen ooreenkomstig beleid wat die direksie goedgekeur het. Die finansiële afdeling identifiseer, evalueer en verskans finansiële risiko in noue samewerking met die maatskappy se bedryfseenhede. Die direksie verskaf skriftelike beginsels vir risikobestuur in die algemeen, sowel as skriftelike beleid wat spesifieke gebiede dek soos valuta-risiko, rentekoersrisiko, kredietrisiko, gebruik van afgeleide finansiële instrumente en nie-afgeleide finansiële instrumente, en belegging van surpluslikiditeit.

Aantekeninge tot die Finansiële Jaarstate

3. Finansiële instrumente en risikobestuur (vervolg)

Kredietrisiko

Kredietrisiko is die risiko van finansiële verliese as 'n kliënt of teenparty tot 'n finansiële instrument nie die kontrak verpligtinge nakom nie.

Die kredietrisiko bestaan hoofsaaklik uit kontantdeposito's, kontantekwivalente, afgeleide finansiële instrumente en handelsdebiteure. Die maatskappy deponeer slegs kontant by banke met hoë gehalte kredietgraderings en beperk blootstellings tot enige enkele party.

Handelsdebiteure bestaan uit 'n wydverspreide kliëntebasis. Bestuur evalueer kredietrisiko's ten opsigte van kliënte op 'n deurlopende grondslag. Indien kliënte onafhanklik gegradeer word, word dié graderings gebruik. Andersins, indien daar geen onafhanklike gradering is nie, evalueer kliëntefinansiering die kredietgehalte van die kliënt deur sy finansiële posisie, vorige ervarings en ander faktore in berekening te bring. Individuele risikoperke word gestel op grond van interne of eksterne graderings ooreenkomstig perke wat die direksie stel. Die benutting van kredietlimiete word gereeld gemonitor. Verkope aan kleinhandelkliënte word in kontant vereffen of deur bekende kredietkaarte te gebruik. Kredietwaarborgversekering word verkry wanneer dit toepaslik geag word.

Kredietrisiko-blootstelling wat op kontant en kontantekwivalente ontstaan, word deur die groep bestuur deur die hantering van gevestigde finansiële instellings met hoë kredietgraderings.

Kredietverminderingstoelaes vir verwagte kredietverliese word vir alle skuldinstrumente erken, uitgesluit die wat teen billike waarde gemeet word deur wins of verlies. Kredietverliestoelaes word ook erken vir leningsverpligtinge en finansiële waarborgkontrakte.

Ten einde kredietverliestoelaes te bereken, bepaal die bestuur of die verliestoelaes bereken moet word oor 'n 12 maande tydperk of verwagte kredietverliesbasis oor 'n leeftyd. Hierdie bepaling hang af of daar sedert die aanvanklike erkenning 'n beduidende toename in die kredietrisiko was. As daar 'n beduidende toename in kredietrisiko is, word die verliestoelae bereken op grond van verwagte kredietverliese. Indien nie, dan is die verliestoelaag gebaseer op 12 maande verwagte kredietverliese. Hierdie bepaling word aan die einde van elke finansiële tydperk gemaak. So kan die basis van die verliestoelaag vir 'n spesifieke finansiële bate jaar op jaar verander.

Die maksimum blootstelling aan kredietrisiko word in die tabel hieronder uiteengesit:

		2020			2019		
		Bruto drabedrag	**Krediet verlies toelaag**	**Geamorti-seerde koste / Billike waarde**	**Bruto drabedrag**	**Krediet verlies toelaag**	**Geamorti-seerde koste / Billike waarde**
Lenings aan groepmaatskappye	6	110	-	110	-	-	-
Kontant en kontant ekwivalente	7	5 176 857	-	5 176 857	2 357	-	2 357
		5 176 967	**-**	**5 176 967**	**2 357**	**-**	**2 357**

Bedrae word teen geamortiseerde koste of billike waarde aangebied, afhangende van die rekeningkundige hantering van die item. Die bruto drabedrag is gelyk aan die billike waarde omdat die kredietverminderingstoelaag nie die drabedrag verminder nie. Die kredietverliestoelaag word slegs vir openbaarmakingsdoeleindes aangedui. Skuldinstrumente teen billike waarde deur wins of verlies sluit nie 'n verliestoelaag in nie. Die billike waarde is dus gelyk aan die bruto drabedrag.

Aantekeninge tot die Finansiële Jaarstate

3. Finansiële instrumente en risikobestuur (vervolg)

Likiditeitsrisiko

Die maatskappy is blootgestel aan likiditeitsrisiko, die risiko dat die maatskappy probleme ondervind om sy verpligtinge na te kom wanneer dit verskuldig word.

Verstandige likiditeitsrisikobestuur impliseer die handhawing van voldoende kontant en bemarkbare sekuriteite, die beskikbaarheid van befondsing deur 'n toereikende bedrag toegewyde kredietfasiliteite en die vermoë om markposisies af te wissel. Weens die dinamiese aard van die onderliggende besighede, handhaaf finansies buigsaamheid met befondsing deur beskikbaarheid ingevolge toegewyde kredietfasiliteite te handhaaf.

Die maatskappy se risiko vir likiditeit is as gevolg van die fondse wat beskikbaar is om toekomstige verpligtinge te dek. Die maatskappy bestuur likiditeitsrisiko deur 'n deurlopende nasiening van toekomstige verpligtinge en kredietfasiliteite.

Kontantvloeivoorspellings word opgestel en toereikend benutte leningsfasiliteite word gemonitor.

Daar was geen wesenlike veranderinge aan die likiditeitsrisiko bestuur beleid en proses vanaf die vorige jaar nie.

Die onderstaande tabel is 'n ontleding van die maatskappy se finansiële laste en netto vereffende afgeleide finansiële laste in tersaaklike vervaldatumgroeperings op grond van die oorblywende tydperk op die verslagdoeningsdatum tot die kontraktuele vervaldatum.

2020

		Minder as 1 jaar	Totaal	Drabedrag
Bedryfslaste				
Lenings vanaf groepmaatskappye	9	5 186 470	5 186 470	5 186 470

2019

		Minder as 1 jaar	Totaal	Drabedrag
Bedryfslaste				
Lenings vanaf groepmaatskappye	9	7 460	7 460	7 460

Rentekoersrisiko

Skommelinge in rentekoerse het 'n impak op die waarde van beleggings en finansieringsaktiwiteite wat aanleiding gee tot rentekoersrisiko.

Die maatskappy het geen rentedraende lenings nie en is dus nie blootgestel tot rentekoersrisiko nie.

Aantekeninge tot die Finansiële Jaarstate

	2020 R	2019 R

4. Belegging in filiaal

Naam van maatskappy	% Eie-naarskap-belang 2020	% Eie-naarskap-belang 2019	Drabedrag 2020	Drabedrag 2019
OVK Enterprise Eiendoms Beperk	100.00 %	- %	100	-

5. Beleggings in geassosieerde

Naam van maatskappy	% Eie-naarskap-belang 2020	% Eie-naarskap-belang 2019	Drabedrag 2020	Drabedrag 2019
Matla Energy Eiendoms Beperk	26.00 %	26.00 %	260	260

Die drabedrag van geassosieerde word na aftrekking van die waardedalingsverlies getoon.

6. Lenings aan groepmaatskappye

Blue Crane Fibre Eiendoms Beperk	20	-
Oos Vrystaat Kunsmis Eiendoms Beperk	50	-
Matla Energy Eiendoms Beperk	40	-
	110	**-**

Die lenings dra geen rente en het geen terugbetalingsvoorwaardes nie.

Billike waarde van lenings aan groepmaatskappye

Die billike waarde van lenings aan groepmaatskappye is gelyk aan hulle drabedrae.

7. Kontant en kontantekwivalente

Kontant en kontantekwivalente bestaan uit:

Bank en kontant	5 176 857	2 357

Kredietgehalte van kontant by bank en korttermyndeposito's, kontant voorhande uitgesluit

Die kredietgehalte van kontant by die bank en korttermyndeposito's, kontant voorhande uitgesluit, wat nie agterstallig of oninbaar is nie, kan evalueer word met verwysing na eksterne kredietgraderings (indien beskikbaar) of na historiese inligting oor teenpartywanbetalingskoerse:

Kredietgradering (Moody's)		
ABSA - Baa3	5 176 857	2 357

Baa3 - Moontlike afgradering - Verpligtinge wat beoordeel word as medium gegradeer en is onderworpe aan matige kredietrisiko en mag sekere spekulatiewe eienskappe besit.

Aantekeninge tot die Finansiële Jaarstate

	2020 R	2019 R

8. Aandelekapitaal

Gemagtigde aandele		
100 000 Gewone aandele van R1 elk	100 000	100 000
Rekonsiliasie van getal uitgereikte aandele:		
Saldo aan begin van die jaar	9 080	10 590
Aandele teruggekoop	(1 030)	(1 510)
Aandele uitgereik	3 180	-
	11 230	**9 080**
Uitgereik		
11 230 (2019: 9 080) Gewone aandele van R1 elk	11 230	9 080

9. Lenings vanaf groepmaatskappye

Filiale		
OVK Enterprise Eiendoms Beperk	100	-
Geassosieerdes		
Matla Energy Eiendoms Beperk	30 260	260
Verwante entiteit		
Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk	5 156 110	7 200

Die lenings dra geen rente en het geen terugbetalingsvoorwaardes nie.

Die lening vanaf Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk is ondergeskik gestel aan eise van ander krediteure totdat die bates van die maatskappy, billik gewaardeer, die laste oorskry.

Blootstelling aan likiditeitsrisiko

Verwys na aantekening 3 Finansiële instrumente en risikobestuur vir die openbaarmaking van likideitsrisiko blootstelling en die bestuur daarvan.

Billike waarde van lenings vanaf groepmaatskappye

Die billike waarde van lenings vanaf groepmaatskappye is gelyk aan die drabedrae.

10. Kontant aangewend in bedrywighede

Verlies voor belasting	(6 450)	(13 923)
Aanpassings vir:		
Rente ontvang	(9)	(26)
Veranderings in bedryfskapitaal:		
Handels- en ander krediteure	-	(32)
	(6 459)	**(13 981)**

	2020 R	2019 R

11. Gebeure na verslagdoeningsdatum

Die huidige COVID-19 pandemie wat oor die wêreld versprei, word gesien as ‘n gebeurtenis na die verslagdoeningsdatum omdat die eerste geval in Suid-Afrika eers op 5 Maart 2020 aangemeld is. Dit word dus gesien as ‘n nie-aanpasbare gebeurtenis. Die president van die Republiek van Suid-Afrika het op 23 Maart 2020 ‘n staat van inperking van 21 dae afgekondig wat op 26 Maart 2020 ‘n aanvang geneem het. Die staat van inperking is op 11 April 2020 deur die president verleng tot 30 April 2020 en op 'n latere stadium verder verleng tot 31 Mei 2020. Die aankondiging behels in wese dat slegs besighede/instansies wat noodsaaklike dienste lewer toegelaat word om beperkte handel te dryf, waar slegs noodsaaklike items verhandel kan word. Hierdie reëlings se verwagte impak op die entiteit word hieronder uiteengesit:

OVK Empowerment Eiendoms Beperk dien as 'n beleggingsmaatskappy en verdien tans geen inkomste. Die staat van inperking het geen impak op die maatskappy nie.

12. Verwante partye

Verhoudings

Geassosieerde	Matla Energy Eiendoms Beperk
Filaal	OVK Enterprise Eiendoms Beperk
Verwante entiteite	Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk
	Oos Vrystaat Kaap Beherend Eiendoms Beperk
	Oos Kaap Boerdery en Graanhandelaars Eiendoms Beperk
	OVK Rekenaardienste Eiendoms Beperk
	OVK Eiendomme Eiendoms Beperk
	Blue Crane Fibre Eiendoms Beperk
	Van Lill Woolbuyers Eiendoms Beperk
	Oos Vrystaat Kunsmis Eiendoms Beperk
	OVK Lesotho Eiendoms Beperk
	VGK Beleggings Eiendoms Beperk
	Sinethemba Mafama Eiendoms Beperk
	Poli Ea Thaba Eiendoms Beperk
	Orange River Popcorn Eiendoms Beperk

Verwantepartysaldo's

Leningsrekening - Verskuldig (aan) deur verwante partye		
Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk	(5 156 110)	(7 200)
Blue Crane Fibre Eiendoms Beperk	20	-
Oos Vrystaat Kunsmis Eiendoms Beperk	50	-
Matla Energy Eiendoms Beperk	40	-
OVK Enterprise Eiendoms Beperk	(100)	-
Matla Energy Eiendoms Beperk	(30 260)	(260)

13. Direkteurs- en voorgeskrewe amptenare vergoeding

Geen besoldiging is aan direkteure of enige individue betaal wat in die jaar ’n voorgeskrewe amp beklee het nie.

14. Lopende saak

Ons vestig u aandag op die feit dat die maatskappy op 29 Februarie 2020 'n opgehoopte verlies van R (20 373) (2019: R (13 923)) gehad het en dat die maatskappy se totale laste sy totale bates met R (9 143) (2019: R (4 843)) oorskry het.

Die finansiële jaarstate is opgestel op grond van rekeningkundige beleid wat op 'n lopende saak van toepassing is. Die grondslag veronderstel dat fondse beskikbaar sal wees om toekomstige bedrywighede te finansier en dat die realisering van bates en vereffening van laste, voorwaardelike verpligtinge en aanspreeklikhede in die gewone gang van sake sal plaasvind.

Aantekeninge tot die Finansiële Jaarstate

	2020 R	2019 R

14. Lopende saak (vervolg)

Die maatskappy se vermoë om as 'n lopende saak voort te gaan, hang af van 'n aantal faktore. Die belangrikste hiervan is dat die direkteure voortgaan om befondsing te verkry vir die maatskappy se deurlopende bedrywighede en dat die ondergeskikstellingsooreenkoms waarna in aantekening 9 van dié finansiële jaarstate verwys word, van krag sal bly so lank as wat dit neem om die maatskappy se solvensie te herstel.

Volledige inkomstestaat

	Aan-teke-ninge	2020	2019
		R	R
Ander inkomste			
Ander inkomste		2 009	62
Rente ontvang		9	26
Konsultasie fooi		2 000	-
		4 018	**88**
Bedryfskoste			
Bankkoste		(372)	(883)
Konsultasie- en professionele fooie		(5 000)	(6 707)
Ouditeursvergoeding		(5 096)	(6 421)
		(10 468)	**(14 011)**
Verlies voor belasting		**(6 450)**	**(13 923)**
Belasting		-	-
Verlies vir die jaar		**(6 450)**	**(13 923)**

Die aanvullende inligting aangebied maak nie deel uit van die finansiële jaarstate nie en is nie geoudit nie